

# O E S T Y D

## 3de kwartaal 2012

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbeloofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

### ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

#### Nuusbrief Mei 2012

This whole month rain poured down, as if buckets filled with water in the heavens above were being emptied out. The streets are flooding and my little car is using its swimming mode again. Yes it does not have 4-wheel drive but it can swim though the next morning it is screeching and crackling like an old man (definitely not like an old woman!) to loosen the stiffness in the brake pads.

It is not only us in Phnom Penh who are experiencing the deafening sounds of the monsoon rain in the streets and on our houses. Many poor people are crowded in raggedy huts with leaky roofs. They are huddled in corners to find a little bit of comfort and to be sort of dry. Their only income is destroyed - the little Jasmine flowers that become posies in their hands cannot be created anymore. The use of cheap alcohol is prevalent - is it to hide the tears or to suppress the hunger pangs or maybe not to hear the crying of their children bent down under these circumstances? Sometimes I feel helpless, overwhelmed and as if what I am able to do has no value - but then I also remember it is God who is in control, the ministry belongs to Him and that brings comfort. I know with Him on my side we can handle this, eating this elephant bit by bit'.

Sok and Samoun went to Kampot province to teach. They said the rain and winds were shaking the houses. They were filled with fear and prayed that God would cover them with safety. In the evening as many people came back from the fields

their houses were destroyed - desolation. The circle of poverty is like a chain that holds and bends the knees of the people under its power. They say that God's faithfulness to His children was visible, as in a village the winds and rains destroyed everything but the houses of the one hundred believers stood untouched.

Amongst all this God's is good. The building of 3 houses in Angdong was finalized, the people received rice and above all even though we were experiencing some challenges, the planting of the Church is going well and so is the work of Veritas to help the pastors and leaders to be anchored in the truth of His Word. Thank you for your prayer and financial support. May you be blessed with the joy of the Lord our God.

### ***VERITAS CAMBODIA***

We finalized Mod 3 translation and I will (DV) train the staff in May. As our focus was nearly only proofreading the last few months a lot of other admin work was not attended to. Now we decided to wait a while with the proofreading of How to Interpret the Bible in order to catch up with other work. A friend whom I've known for many years (AOC) will become a new part time VNC employee; doing finances and other admin tasks. Socheat was a receptionist at the Bible League, which included having some financial responsibilities.

### ***Facilitation Groups***

It is going well with the training - we currently have 8 groups. Sok, Saran and I are still doing some following-up on the new staff, Samoun and Vanna, who are doing great. I will be in Kg Thom next week with Vanna.

### ***Staff***

The rain has caused a lot of mud and flooding - Sok and Samoun especially struggle with it at their houses. Sok took half a day to travel through the mud to Phnom Penh - he had to travel a long distance on a motorized ploughing instrument. Samoun's and Gime's roads and houses are flooded.

### ***FEEDING SCHEME***

In Sok's village 25 children receive food and school funds via various donors and in Angdong Ta'Een 11 grannies, 18 families and 5 children receive rice from RTX ray - all of them receive on a monthly basis.

Thank you to each one of you who give towards this ministry - you are making a difference.

## **PRAAYER**

There are many worship and prayer points in this letter - please pray and worship together with me as God is leading you.

Please also pray with us:

- \* Our registration request has been given to the government nearly 3 months ago yet we have not heard anything back
- \* The house-church at Angdong - Veasna and Nary started with the process to register it as a place where people gather to worship - this is not yet on a Church level. They were told that there are more than 4000 registered Churches and therefore the government decided not to register more Churches.
- \* For the existing misconception that the Mormons are Christians - Saran's father encouraged him to work with the Mormons as they are also Christians and they pay more than we do. Saran told him that they are not based on the Truth, but he does not understand that.

## **ANGDONG TA'EEN**

House building project

It has been finalized! Two new houses and one twin-house were built and stationed onto big plastic drums - this will help the houses to 'rise and fall' according to the water level in the water pit. Thanks to NG Kempton Park East!!! The prediction is that the flooding this year will be worse than last year. Many houses are still without walls and roofs, flood-relief (mosquito nets, food, blankets etc.) will also be needed between September - November.

## *Churchplanting*

The faithful 11 people who accepted Christ are regulars at our Thursday afternoon meetings, sometimes others join and the meeting can be around 20 people. We have some challenges - a non-Christian NGO is delivering clean drinking water with a water-tanker twice a week to every household (wonderful!) but they are very verbal about how they hate Christians as they feel our only goal is to Christianize the people. It is true that my heart is that they accept Christ's invitation for salvation but I will always also help those who do not accept Him as their Lord. Last week Thursday Nary's house was flooded, 12 people came and all had to sit in the rain. I plan to visit the people twice a week instead of once; relationship building and primary health care teaching.

"HE raises the poor from the dust;  
HE lifts the needy from their misery"

This verse (Psalm 113:7) really encouraged me with regards to the people of Angdong Ta'Een - I too often forget that He is in control, it is He who is doing the work not me. I am privileged to be a tool in His plan and hands to build His Kingdom.

### *Personal*

Had a beneficial, blessed and restful time in Australia. It was great to catch up with everybody at VCI Perth office - work and social. The time with my children and grandchildren was a real blessing – thanks again to NG KSM for the plane ticket. My new house is a blessing - the homeowners are great. Interesting that only the Christians in their building were invited to their 4yr old's birthday party - they are not Christians and are highly educated. Please pray that we will be living witnesses to them by our lifestyle.

Please pray that God will help me to make the right decisions with regards to ministry. There are too many open doors and needs. I decided to study Khmer again. When we start with the accreditation my Khmer reading skills need to be better or it will take me ages to read through all the assignments. I am looking forward to it.

### *Bibles and Songbooks*

Thank you to the donors (NG KSM and Marlene ) for the donations to buy Bibles/Songbooks. Non of the Khmer 'NIV Bibles' were available for VNC's new Mod 1 groups, we received permission to copy and print 100 Bibles, thank you so much for your support. The Khmer 'NIV Bibles' are not really NIV Bibles; the 1953 Khmer Bible translation is used and the NIV's short commentary on specific verse were translated and included. We prefer these Bibles for the new Mod 1 student - we can teach them how to cross reference and how to use commentaries to understand the Bible better

### **E-pos 30 Julie 2012**

Die tyd vlieg en binnekort is dit weer tyd vir my 2 jaarlikse besoek by gemeentes en ondersteuners. Ek sien baie uit daarna en is opgewonde omdat van die Khmer weer saam met my SA sal besoek.

### **Doelwit**

Persoonlike besoek aan gemeentes (bedienings terugvoer) en ook om die werk van Veritas Netwerk Kambodja meer bekend te stel en ondersteuners te werf.

### *Afsprake*

Rietfontein- Suid het al 'n datum vas gemaak vir die 17de Februarie (am) 2013 (Die datum is vas en onveranderbaar).

Onthou asb dat ons ook gedurende weeksdae beskikbaar sal wees en ook graag by sel-groepe sou wou praat.

Persoonlik sal ek ook weer graag by gemeentes se uitreik aksies betrokke wil wees om so bietjie verhoudings op te bou met gemeentelede. Ek sal weer 'n pr weke langer in SA bly as die Khmer

### *Borg van Khmer*

Ons het die vorige keer genoeg fondse ontvang toe ons in SA was maar ek wil vra of daar nie gemeentes of individuele is wat kan help met van die befondsing van die Khmer se reiskostes; vlug vanaf Kh na SA, visa's etc.

Die beplanning is dat slegs Saran die jaar saam met my sal kom (Sok is ook 'n moontlikheid indien ons 'n borg vir hom kan kry – ek weet baie mense was mal oor hom.)

Ek sal dit ook waardeer as julle asb vir ons by nuwe gemeentes kan afsprake maak ter wille van Veritas Kollege.

### **CORNE DU PLOOY skryf uit FRANKRYK**

### *E-pos van 22 Mei 2012*

Goeie dag aan almal,

Die afgelope naweek was 'n moeilike naweek. Die ds v Berre l'Etang (naby Marseille, en d gemeente waarheen ons beroep is) het by ons kom preek en 'n onderhoud met d kerkraad gehad as 'n moontlike opvolger vir d predikantspos hier in Toulouse. Die onderhoud het goed afgeloop. MAAR ... drie gmeentes v ons

denominasie het besluit om of sonder 'n predikant vir d komende jaar klaar te kom of om v 'n afgetrede ds se hulp gebruik te maak (hy "kos" niks aangesien hy v sy pensioen leef). Verder is daar 2 ds sonder beroepe - oa d ds van Berre. Indien hy dus nie na Toulouse toe beroep word nie, is hy sonder 'n pos en sal hy dan heelwaarskynlik by Berre bly indien hy nie teen 31 Mei 'n pos het nie. Hierd laaste inligting (waarv ek net 'n paar daar dae van te vore kennis geneem het) het ek eers na d onderhoud met kerkraad gedeel en nadat d betrokke ds vertrek het, sodat d kerkraad nie onder druk verkeer tydens d onderhoud nie en hulle rustig hulle vrae kon stel en hulle opinie kon vorm. Maar d kerkraad was verras en geskok om v hierd verwikkeling kennis te neem. Ons het komende Vrydagaand 'n kerkraadsvergadering.

Vir ons is d grootste bekommernis d skole vir ons kinders. Ons het hulle alreeds in 'n privaat Katolieke skool in Berre ingeskryf (hierd jaar was, veral vir Claire, 'n mors v tyd in d publieke skool agv d voortdurende afwesigheid v haar onderwyser en d vele stakings) en normaalweg is dit te laat om hulle nou vir September in te skryf. Ons is besig om navraag te doen. Indien nodig, sal ek d aartsbiskop ook kontak. Op d oomblik sien ons 2 oudstes gereeld 'n pedopsigiater (elke 2 weke), maar dit gaan oor d algemeen goed. Hulle het af-en-toe nagmerries, maak d bed nat, Thomas het baie buierig geword, maar dit gaan beter.

So ons is in 'n baie onseker stadium. Miskien bly ons nog in Toulouse vir een jaar. Nog 'n punt wat aandag moet kry, is dat d gemeente v Toulouse nie 'n volle dspos kan onderhou nie - en dus dit is huis daar waar my steun v RSA hulle baie help - al het d finansies met 25% d afgelope 7 jaar gegroeï het.

Bid asseblief vir hierd situasie.

Die "positiewe" v hierd oefening is dat dit d kerkraad gedwing het om te herdink oor d gemeenteprojek en -visie en dit het almal gestimuleer.

Verder het ons ook nou goeie kontak met die inwoners vd woonstelblok oorkant d straat. Ons het alle verskeie byeenkomste rakende d gebeure in Maart in d kerk gehad: met d stadsraad, polisie, psigiater, ens. Die Polisie kom nog gereeld hier verby en hou stil om vir d kinders hallo te sê en 'n bietjie te gesels. Daar is ook nogsteeds "toeriste" / "nuuskieriges" wat verbykom om fotos vd terroris se woonstel te kom neem, al is daar nie veel te sien nie.

## Allan en Ansie van der Merwe skryf uit GURUE - MOSAMBIEK

### Nuusbrief Mei 2012

Dit gaan goed met ons, ten minste kry ons nie so koud soos julle daar onder in SA nie! Ons gesondheid is goed en daarvoor sê ons baie dankie aan ons Hemelse Vader.

#### *'n Paar senutergende momente*

Vroëer die maand het ons het 'n aardbewing-ervaring gehad, 'n rare en eerste ervaring in Gurue!

'n Paar dae daarna skrik ons wakker in die nag van 'n gegillery. Dit is toe die wag wat aangehou word met 'n mes, deur iemand wat 'n battery wil steel.

Die derde was 'n krisis by ons kinders in SA. Dus: die adrenalien het gepomp in ons are.

#### *Radio Omwiwa Yesu*

Die nuwe programmeerdeur is baie oulik en het goed aangepas. Hy is 'n baie oulike kind van die Here. Ons het by Stilfontein gemeente 'n paar band opnemers gekry waarvoor ons baie dankbaar is. Hierdie opnemers word versprei met die "4track" bandjies met Omwiwa Yesu boodskappe daarop.

#### *Ringsvergadering*

Allen het 'n ringsvergadering bygewoon in Ilé, sowat 90km van Gurue. Saam met die sinodale kommissie is die ring nou opgedeel in twee afsonderlike ringe. Allen het ook met die Sinodale Kommissie gepraat oor ons moontlike verhuis na 'n ander area. Hulle sal saam met ons bid vir oop deure. Die toekoms van die Woordskool was bespreek. Allen en die twee pastore moet saam met die kerkrade kyk hoe die pastore die Woord skool kan bedryf. Calani en Namarroi gemeentes se afgevaardigdes het 'n paar idees op die tafel gesit oor hoe om die Woord skool self te bestuur, Hierdie planne sal op die volgende kerkraadsvergadering bespreek word. Die bou van 'n kerkgebou moet ook nog hanteer word.

#### *Mielieprojek*

Ons het nou twee 5000L YoYo tenks opgesit by Calani gemeente. Ons het 'n vorige keer vertel dat hulle self die mielie-stoor-projek van die been af wil kry, Die gemeente is baie opgewonde daaroor en het besef dit kan 'n goeie inkomste wees

vir die kerk en gemeenskap. Na twee jaar het ons die mielies wat ons gestoor het, oorgeskuif na `n ander tenk, sodat ons hulle tenks vir hulle kon gee. Daar was geen vrot of gemufde mielies in die tenks nie, wat bewys dat so projek wel kan werk.

### *Byeprojek*

Die vorige jaar het ons ook begin met `n bye projek. Ons het een Mosambieker vir `n week se opleiding na Caia geneem (500km van Gurue). Tans is hier drie kaste op die werf, waarvan twee reg is om geoes te word. Die bye is baie aktief en ons sal nog `n kas moet opsit om die nes uit die radio projek se dak te kry.

### *Rudolph*

Ons het ook berrig van Rudolph Strydom wat in `n motorfietsogeluk was. Hy is steeds in Milpark intensiewe eenheid, maar het gelukkig na drie weke uit die koma gekom. Die stryd is nou teen virusse wat hy, volgens die dokters, in Gurue se hospitaal opgetel het. Bid saam ons vir sy volkome herstel.

### *Maforga weeshuis*

Ek het in die vorige epos `n verkeerde epos adres gegee. Gebruik asb [royandtrish@yahoo.co.uk](mailto:royandtrish@yahoo.co.uk) Bid asb steeds saam vir die finansiële nood.

## **Nuusbrief 2 Junie 2012**

Baie dankie dat jy tyd maak om ons nuusbrief te lees. Dankie ook vir die gebede deur die maand. Sonder jou gebede is dit vir ons nie moontlik om hier te kan woon en werk nie.

### *Radio Omwiwa Yesu*

Ons het hierdie maand twee radio projek vergaderings gehad.

Die eerste was `n bestekopname oor die `n vorige jaar se suksesse en probleme en wat hulle gaan doen om dit te volhou en voorkom. Baie positiewe reaksies uit die gemeenskap sowel as van die betrokke pastore wat deel vorm van die projek bestuur stroom steeds in. `n Dame uit die Katolieke kerk wat werksaam is by die radio stasie, probeer wel die programme saboteur met die beskuldiging dat ons programme hul kerk diskrimineer. `n Komitee sal die probleem gaan hanteer. Daar is ook besluit om besoek te bring aan die buite pastore om hul voortdurende deelname aan te moedig. Hierdie pastorie is in beheer van die jeug, kinders en ouerskap programme.

Die ander vergadering is gehou om 'n skrywe te hanteer waarin gekla is dat pastoor Marupa nie meer 'n programmeerdeur is nie. Omwiwa Yesu se konstitusie bepaal dat geen pastoor as programmeerdeur mag dien nie, want dan word Omwiwa Yesu gekoppel aan 'n denominasie. Pastoor Marupa was voorheen nog nie gekwalifiseerd nie. 'n Vergadering om die beswaarde gemeentes hieroor in te lig, is gereël vir 14 Julie. Bid saam met ons hieroor.

### *Maforga Kinderhuis*

Ons het vir 'n week in Maforga gekuier en koek gebak vir die kinderdag. Ons het ook nog meer suid gery na Inhasourro en tyd spandeer saam met die eienaar van die grond. Ons het stil geword het om by die Here te hoor of dit is waar Hy ons wil gebruik. Ons het heerlik "gefellowship" met die mense en was bevoorreg om nagmaal op die strand te hou. Ons bid steeds oor waar en hoe die Here ons wil gebruik in die toekoms. Bid saam met ons hieroor.

### *Pebane uitreik*

Ons uitreik na Pebane het nie gerealiseer nie omdat ons albei malaria gehad het en die vergaderings het ons tyd opgeneem. Ons sal DV 9 Julie vir 'n week uitreik en daarna, as die finansies dit toelaat, elke tweede week totdat die outjies daar bietjie gedissipel is. Allen gaan die TEE kursus wat hy hier met die ouderlinge gedoen het, ook daar doen. Bid saam met ons dat geen hindernisse ons besoek aan Pebane sal verhoed nie.

### *Bye*

Die bye-projek vorder nie so goed nie, alhoewel daar baie heuning is. Een van ons werkers en later ook Allen, het heuning probeer uithaal. Maar die bye is heeltemal te aggressief. Ons het Allen goed gepanser met 'n hoed en elke ding. Die hoed was aan 'n t-hemp vasgewerk, maar ons vergeet toe om die moue toe te plak. Die bye het by sy moue ingekruip en in sy hoed beland. Hy het met groot gespoek en na 'n paar minute die hoed afgekry en met 10 bysteke in die kop en gesig gesit. Dit was 'n geswelde spulletjie. Weet nie hoe gemaak om nou die heuning uit te kry nie! Allen het my mooi laat verstaan dat as ek heuning wil hê, ek dit maar self moet loop uithaal. Ek is bietjie allergies vir bysteke en nie so braaf nie. Ons sit dus nou met kaste en bye en heuning in die kaste. Ek hoop maar Allen sal weer op 'n latere stadium moed skep en weer probeer

### **Nuusbrief Julie 2012**

Ons is tans in SA, het gou ons kleinseun kom haal. Hy gaan by ons woon en Ansie gaan vir hom huis-ondderig gee. Ons sal DV om en by 20 Augustus terug wees in Gurue.

### PEBANE UITREIK

Ons het hierdie uitreik in Julie maand baie geniet. Ons het tente opgeslaan by een van die gemeentetjies. Ons het uit Genesis gewerk, 'n paar karakters in die Bybel behandel soos Noag, Abraham, Moses en Ester en dan laastens Jesus. Openbaring was laaste aan die beurt. Die liewe mense het bankvas gesit en luister, elke dag. Ons het ook vir hulle films van Moses, van Abraham en ook die Jesus film gewys. Saam daarmee traktaatjies uitgedeel en heerlik saam ge-eet. Ansie het met die kinders Noag se Ark hanteer, hulle het arkies gemaak en blare gaan pluk. Ansie het die vrouens besig gehou met tuna blikkies wat hulle geverf het as juwele boksies, hulle het oorrige gemaak en ook waterbottels geverf.

Ons het twee maande gelede 'n mosambieker ontmoet wat baie goed Lomwe, Portugees en Engels magtig is. Hy het saam met 'n Amerikaanse Pastor in Maputo gewerk, maar is terug in Gurue. Hy is geweldig dinamies en het saam op die uitreik gegaan. Hy het baie met die tolkwerk van Portugees na Lomwe gehelp, het lekker met die mense gepraat. 'n Pragtige kind van die Here! Hy sê die Here het hom Gurue toe gestuur om as sendeling onder sy eie volk te werk.

Daar het vyf mense hulle harte vir die Here gegee gedurende die tyd in Pebane. 'n Moslem man het elke dag kom kuier en saam met ons deur al die films gekyk. Sy naam is Islam, maar ons het hom Solomon gedoop. Bid asseblief vir hom, hy was baie geïntresseerd in wat ons doen en het met baie aandag geluister na alles wat Kennedy hom vertel het oor Jesus en ons geloof.

Julle kan op ons Facebook blad onder Gurue Mission na fotos van die uitreik gaan kyk.

Ons sien uit daarna om ons volgende uitreik te gaan doen, as die Here wil sal dit iewers in September maand geskied.

Bid ook vir die sinode vergadering in hierdie maand, ook vir fondse om die kerk te bou op die werf in Gurue

**Freddie (Blackie) Swart skryf oor GURUE Radiobediening - MOSAMBIEK**

**Nuusbrief – 31 Julie 2012**

Dit gaan goed met die radiobediening in Gurue. Almal is nog in goeie gesondheid en word daar steeds daagliks programme opgestel en uitgesaai. Berig is ontvang van 'n Katolieke werker by die gemeenskapsradiostasie wat gekla het dat die Christelike kerk voorkeur behandeling geniet met die uitsaai van programme. 'n Afvaardiging van Omwiwa Yesu Bestuurskomitee sou die "probleem" gaan hanteer het en word daar nog gewag op terugvoering.

United Christian Broadcasters (UCB-Africa) bied vanaf 23 tot 26 Augustus 'n leiersberaad aan te Pretoria waarna al hul afiliale (Gurue Radiobediening ingesluit) genooi is om 'n kort voorlegging te doen aangaande hul onderskeie bedieninge in Afrika sowel as in die res van die wêreld. Verder sal die fokus ook val op leierskapopleiding en media ontwikkeling. Freddie Swart sal Gurue Radiobediening daar gaan verteenwoordig.

Vanaf 5 tot 8 Oktober vanjaar word Gurue besoek om eerstehandse inligting te bekom aangaande die radiobediening se aktiwiteite daar. Die afgelope klompie jare is daar grootliks staat gemaak op terugvoering van Allen van der Merwe, die plaaslike sendeling aldaar. Verskeie aspekte van die bediening benodig herevaluering wat 'n besoek noodsaak - ook ter wille van toekomstige beplanning. Dr Roelf Petersen (Radio Kansel / UCB-Africa), ds Anthonie Welman en Freddie Swart sal besoek aflê per vliegtuig onder borgskap van UCB-Africa ter wille van tyd. By hul terugkoms sal 'n volledige nuusberig aan alle ondersteuners deurgegee word.

'n Groot DANKIE aan al die ondersteuners wat so getrou elke maand finansiële ondersteuning bied. Daarsonder sal hierdie bediening nie kan funksioneer nie. Ons vertrou God om julle elkeen ryklik te seën vir julle getrouwheid. Wees verseker dat al is daar nie elke maand beriggewing nie, die werk daagliks voortgaan. Dat daar steeds vrug is op die arbeid deur getuienis wat ontvang word van mense wat, hetsy vir die 1ste keer of by hernuwing, hul harte vir die Here gegee het in reaksie op die GOEIE nuus wat uitgesaai word.

Bly volhard in gebed vir al die lede van Omwiwa Yesu Bestuurskomitee - in die besonder die vier programopstellers. Alles gaan verseker nie net oor geld nie. Kontak my gerus indien daar enige onduidelikheid is oor enige aspek van die radiobediening of om meer te wete te kom. My kontakbesonderhede is as volg: [swarfriedrich@gmail.com](mailto:swarfriedrich@gmail.com), sel084 580 2403 of landlyn 021 872 7327.

### Nuusbrief Junie 2012

On Monday evenings, a group of dedicated Christian people meet at the Charisma Congregation in Laudium. They divide into groups of two's and three's, and then visit people of different cultural and religious backgrounds at their homes, sharing the Gospel of Jesus Christ with them.

In spite of those who turn up for this event, we continuously ask the Lord in prayer, to send more labourers into this part of His vineyard – and we are just so pleased when the people attending the Operation Mobilization College in Pretoria join us for an outreach in Laudium. We experience it as such a tangible way in which the Lord answers our prayers – and God richly blesses our outreach endeavours together. The 14th to the 27th of June will be another one of these outreaches – and once again we call on all our ‘prayer warriors’ to earnestly pray that God will lead us to those people who are hungry for the Gospel – that He will lift the ‘veil from their minds’ and that the Lord’s presence will be revealed in ‘signs and wonders taking place’ (Acts 4:30) and that people will be set free from the bondage of the devil, and enter into a living relationship with Jesus.

The topic of the message one Sunday morning in a certain Church, was about giving to God – your money, your possessions – and even yourself. After the service, when the offerings were taken, the collection plate was passed to a little girl who happened to sit right next to the isle. Without saying a word, she slowly lowered the plate, put it right there in the isle – and she got into it. ‘Lord, I give myself to Thee.’

#### *Prayer requests*

Once again we would like to ask, if you perhaps have good Christian movies on DVD (not sermons, but movies with a clear Christian message) that you are no longer using, won’t you prayerfully consider donating such to our DVD library so that other people can be blessed by it? We have found Christian DVD’s to be an excellent tool in communicating the gospel to others.

We desperately need our Christian brothers and sisters to saturate our outreach endeavours with prayer – not only asking for His protection over us, but also praying for those we minister to, that God would take away the ‘veil’ from their minds, so that they will be able to fully comprehend the love of God in Christ Jesus.

## **Report-back on the Activities of the Laudium Outreach Group**

### **August 2012**

#### **1. Monday Outreach Endeavours**

Our thanks go to the Charisma Church Council for accommodating the Operation Mobilization Team in the church building from the 13th to the 27th of June. Judging from the many testimonies received from the group members, these students were greatly used by God to sow the seed of the Gospel in the hearts of a large number of people in the Whiteblocks area during this time.

To the OM team members involved in the outreach in Laudium, view their visit to Laudium to be a highlight in the training program they had to undergo, and the knowledge gained with regards to reaching people from other religious convictions, with the Gospel of Jesus Christ, as invaluable to their ministries in future years.

The ten to fifteen LOG-Members reporting for duty on a Monday evening, are doing their utmost to follow-up with the many contacts made by the OM Team.

#### **2. DVD Library and Bible Distribution**

It is encouraging to see so many people now carrying their Bibles to Church on Sundays. The Laudium Outreach Group is currently buying Bibles through the DRC MoreletaPark at R10.00 a Bible, and selling it at the same price. Bibles are also being provided to the Lighthouse Church, on the same basis. A total of 250 Bibles have already been distributed in this way.

The DVD Library is still in full swing, with a keen interest being shown in the selection of DVD's available. We would like to express our thanks to Shenel Moodley for her dedicated efforts in this ministry. The library has also been extended to the Lighthouse Church. New DVD's have lately been purchased, and it will soon be released as well.

#### **3. Financial Contribution**

We would like to thank the Church Council of Charisma for their generous contribution of R2,000.00 towards the Laudium Outreach Group. We really do appreciate the support we receive from Charisma.

#### 4. Prayer Requests

Please continue to pray that the Lord would raise up more ‘labourers’ to assist in gathering the harvest in Laudium for our Lord.

#### Nuusbrief Julie 2012

##### Some Background Information

According to the Muslim calendar, which is a lunar calendar, it is now the month of Ramadan. During this month, Muslims all over the world, fast from sunrise to sunset, withholding themselves from eating, drinking, smoking and having any carnal pleasures during this time. Before sunrise and after sunset, everything is ‘back to normal’ and fast-food outlets situated in Muslim areas, claim that their greatest profits are generated during the month of Ramadan.

The fast (Ramadan) is one of the five compulsory pillars on which the religion of Islam is built. The other pillars being the daily prayers (Salat), the pilgrimage to Mecca (Haj), the giving of alms (Zakat) and the recital of the creed (Kalima). In Ramadan, the Muslims commemorate the time when the angel Gabriel, started to reveal the verses of the Qur'an to the illiterate prophet, Muhammad.

In the same way as prayer, fasting is compulsory to a Muslim and it promotes discipline and self control, while at the same time, it shows the Muslim devotee's appreciation for Allah's blessings on him. (Information taken from the ‘Christian Concern for Muslims’ prayer guide).

##### LOG News

A group of 45 students from the Operation Mobilization Training College stayed at the Charisma Church in Laudium from the 13th to the 27th of June, and together with the Laudium Outreach Group, visited people from various religious beliefs in the Whiteblocks area. The hospitality experienced by the members of the group, as well as the openness with which the Gospel of Jesus Christ was received by the people of Whiteblocks, was a pleasant surprise to all of us. It also was an encouragement to us, to see the enthusiasm and boldness with which these young people proclaimed Jesus, and we thank the Lord for new commitments made to the Lord Jesus during this time.

And now the task is handed over to the members of the Laudium Outreach Group to do the follow-up, and we are but too aware of the fact that we do have a shortage of ‘fellow-labourers’ to adequately address this great task. But please pray for us as

we do the best we can, and if at all you might be free to join us on a Monday evening at 07:00, please feel free to do so. We sure will appreciate your company.

### *Prayer Requests*

1. Rita, my ‘better half’, is recuperating at home after a knee-replacement operation which was done last week. Please pray for her swift recovery.
2. Please pray that the Lord will continue to minister to those people in Laudium who have been presented with the Gospel during the Operation Mobilization visit.
3. The DVD ministry, as well as the Bible distribution program is still in full swing at Charisma, and have been extended to the Lighthouse Church as well. New DVD’s include the life stories of Hudson Taylor, as well as that of Sadu Sundar Sing. The DVD ministry proves to be very effective in taking the Gospel right into people’s homes, where neighbours, friends and family members can watch it together.
4. Please continue to pray for a heart-felt Spiritual Revival.

### **Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE**

Ek is steeds besig om op die Sondae wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, ‘n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. **Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.**

Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg. In die afgelope 7 maande van 2012 het die Here al borge vir 186 arm kinders en gesinne voorsien!! Alle dank en eer aan die Here daarvoor! Alle dank en eer aan die Here daarvoor!

Indien u deurlopend (so een keer per week via sms – nie tydens skoolvakansies nie) terugvoer wil kry en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235.

Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv ‘n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv ‘n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.

Hier volg ‘n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:

## **Beroepsgerigte opleiding**

Beroepsgerigte opleiding – 'n kaartjie na selfbeskikking.

Het jy al ooit gewonder hoe jy 'n blywende verandering in 'n weeskind, of 'n kind uit 'n arm gesin, of selfs die gesin se broodwinner se lewe kan maak? Die mees ooglopende manier vir mense om vir hulleself te kan sorg, is sonder twyfel deur vaste werk, of hulle eie besigheid. Een van die beste maniere om werksgeleenthede te verseker, is om seker te maak dat jy oor die nodige vaardighede vir die werk beskik. Wat hou die toekoms in Oos-Europa dan vir jou in as jy geen vaardighede het nie?

Duisende kinders wat in groot Kinderhuise dwarsoor Oos-Europa woon, staar hierdie krisis in die gesig. Tallose gesinne word sonder hoop of geleenthede gelaat. Wat doen Sending Sonder Grense om hierdie behoefté aan te spreek en hierdie krisis tromp op te loop?

Inisiatief en kreatiwiteit van Sending Sonder Grense se personeel en die personeel by Kinderhuise is besig om talle geleenthede vir opleiding en ontwikkeling beskikbaar te stel.

Sending Sonder Grense se Sentraal Ghidighici-plaas is net buite Moldawië se hoofstad, Chisinau, geleë. Hulle produseer 'n buitengewone hoeveelheid groente, vleis en heuning danksy die varkboerdery, kweekhuise en landerye. Hierdie produkte is ook van uitstaande gehalte. Hiermee word baie van die 58 Kinderhuise wat ons ondersteun gevoed. Hulle voorsien ook vars kos vir die Somerkampe. Verder gebruik hulle ook hierdie onderneming as 'n praktiese opleidingsmiddel vir baie van die kinders uit die Kinderhuise om landbou en byeboerdery te bestudeer.

Die statistieke vir kinders wat uit die Kinderhuise kom, is maar beroerd. Hulle is beangs oor hulle laaste dag. Meer as die helfte gaan dakloos wees, betrokke raak in misdaad, prostitutie of mensehandel – tensy hulle die Kinderhuis kan verlaat met vaardighede wat hulle gaan help om werk te kry of as die grondlegging vir verdere studies kan dien.

Beroepsgerigte opleidingsprojekte dwarsdeur ons veldlande is plekke waar talente en vermoëns ontdek word en dan ontwikkel word. Kursusse wat by die Kinderhuise en Gemeenskapsentrums danksy beleggings en ondersteuning van Sending Sonder Grense aangebied word, sluit in landbou, skrynwerskersambag, meganika, naaldwerk, byeboerdery, rekenaars, Engels, kookkuns en haarkappery. Vat hande saam met ons en speel 'n rol om jongmense te verseker dat hulle die toekoms kan invaar met die nodige vaardighede om werk te kry

Sending Sonder Grense se personeel is, in samewerking met die personeel van Kinderhuise en plaaslike gemeentes, baie toegewy en passievol oor Beroepsgerigte opleiding. Verenig deur dieselfde visie wil hulle kinders na volwassenheid stuur met onafhanklikheid en selfbeskikking.

Die Kinderhuisdirekteure weet hulle kan nie die kinders voed, klee en versorg sonder ons hulp nie. Hulle is net so bekommerd oor die toekoms van hierdie kinders wanneer hulle klaarmaak by die Kinderhuise.

Baie Beroepsgerigte opleidingsgeleenthede is reeds aan die gang en baie meer kan met jou ondersteuning gevestig word

### e-Saaier (Bybelgenootskap van Suid-Afrika)

#### **Uitreksel uit Junie 2012 weergawe**

##### 'n Nuwe Bybel vir Wasprekendes

Vroeër vanjaar het duisende Wasprekende Christene in Oos-Mianmar bymekaargekom om die komste van die hersiene Wa Bybel te herdenk. Daar is nagenoeg 800 000 Wasprekendes in Mianmar, ongeveer 'n halfmiljoen in China en 'n verdere 50 000 in Thailand.

Alhoewel Wasprekendes vir 'n aantal jare reeds toegang het tot 'n proefuitgawe van die Bybel, is hierdie die eerste vertaling in hulle moedertaal wat deeglik gekontroleer en nagegaan is.

Ds Ainap Tao, die Voorsitter van die Wa Baptiste Konvensie, onthou nog hoe dit was om groot te word in 'n land waar die Bybel verbode was. "Ek het nooit as kind die Bybel gesien nie. Elke Sondag het my predikant 'n Bybelgedeelte voorgedra en daaroor gepreek, maar ons het nooit werklik 'n Bybel gesien nie." So het hy dikwels gewonder hoe die Bybel lyk. Is dit dun of dik, hard of sag, wit of rooi?

##### Bybelgenootskap ondersteun teologiestudente

Die brontale van die Bybel, Hebreeus en Grieks, vorm deel van enige teologiestudent se studiejare.

Die Bybelgenootskap ondersteun jaarliks studente aan verskillende teologiese fakulteite en kolleges deur eksemplare van die Hebreeuse en Griekse Testamente wat hulle vir hulle studies benodig, gratis beskikbaar te stel.

### **Navrae aangaande sendelinge**

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy  
Sending Sonder Grense  
Ds Hannes Peens (Limpopo)

Ds Leon Tait  
012-333 2470

Koerde

Cobus de Waal  
082 749 7846

Mosambiek radiostasie  
Allen en Ansie vd Merwe

Japie en Ena le Grange  
012-331 3953

Gebedsketting  
Laudium

Alet Briers  
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen  
084 652 8773  
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

**Taakspan vir Sending**

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615  
Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoe posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.

By voorbaat dank  
Sending taakspan